**Liturg: Ds Johan Willemse**

**Teks**

1 Konings 17

**Fokusvers:**

1 Konings 17:1 & 12

**Tema:**

Die Here ons God leef en bevestig dit vir ons deur die nagmaal.

**Datum:**

22 Februarie 2026

## 1. Inleiding

Geliefdes in ons Here,

Dit is nooit lekker om ŉ fout te maak nie, want dit het meestal ŉ negatiewe gevolg. Een fout in jou besigheid en jy loop die gevaar om groot opbrengs of groei te verloor. Een fout in jou wiskundige berekeninge en die antwoord is heeltemal verkeerd. Dit is nooit lekker om ŉ fout te maak nie...

Maar aan die positiewe kant, kan ons altyd iets **leer** uit ons foute. Trouens, ŉ teken van wysheid is die vermoë om te leer uit jou foute... Die skrywer van Konings het hierdie wysheid ter harte geneem.

God se volk sit in ballingskap. Hulle is weggeneem uit hulle land, weg van hulle huise en dorpe. Die ergste van alles, hulle is weg van Jerusalem en Sion, weg van God af. Die tempel is stukkend en die land is verwoes... Nou dink en vra die volk: '*Hoe het dit gebeur? Wat het ons verkeerd gedoen?*'

Terwyl die volk in ballingskap sit, gebeur twee dinge. *Eerstens* kom die **profete** en **openbaar** die volk se sonde. Dít veroorsaak *tweedens* dat hulle **terugdink** oor die geskiedenis. Hulle lees deur die geskiedenisboeke (boekrol met die annale) van die konings van Israel en Juda en besef dat die volk baie foute gemaak het.

Dan besluit hulle om ŉ nuwe geskiedenisboek te skryf, naamlik die boek wat ons ken as Konings. Telkens sien ons dan hoe die skrywer **duidelik sê** *wat reg en wat verkeerd is in die oë van die Here.* Hulle vertel die geskiedenis oor, sodat die Here se volk kan <u>leer uit die foute van hulle voorgangers</u>.

Wat is dan nou die les wat God se volk kan leer uit 1 Konings 17?

2. **Liggaam**

**2.1. Geestelike toestand in Israel:**

**Koning en volk:**

Die les begin by sonde en afgodsdiens.

Die skrywer van Konings begin en eindig die geskiedenis van elke koning se regeringstyd, met ŉ evaluering. Die koning in dié stadium was Agab, en 16:30 sê: "*Agab seun van Omri het gedoen wat verkeerd is in die oë van die Here, meer as al sy voorgangers.*"

Wat het hy gedoen wat verkeerd was?

**Eerstens:** Net soos die eerste koning van die noordelike ryk, het hy die mense aangemoedig om God vir dooie afgode te verruil (1 Kon. 12:26-30).

Sy **tweede fout** het gelê by die misbruik van die huwelik. Die volke destyds het huwelike gesien as instrumente vir politieke voordele. Huwelike was soos ŉ handtekening op ŉ kontrak vir handel, beskerming en belastingvoordele.

Agab het getrou met die dogter van koning Etbaäl van die Sidoniërs. Soos baie van die volke noord van Israel, het die Sidoniërs Baäl gedien as *een van* hulle hoof-afgode. Isebel het vir Agab tot só ŉ mate beïnvloed, dat hy ook Baäl begin dien en aanbid het. Hy het selfs ŉ tempel en altaar vir Baäl opgerig in Samaria (16:29-31).

Die volk het dus, net soos hulle koning en die volke rondom hulle, vir Baäl aanbid. Op hierdie manier het Agab die Here, die God van Israel, uitgetart (16:32-33).

**Baäldiens:**

Dit is egter belangrik dat ons ook iets oor die Baäldiens verstaan.

Alhoewel die mense in baie verskillende afgode geglo het, was Baäl baie belangrik. Sy naam beteken *here* of *meester*. In die verhale oor die afgode word daar vertel van sy oorwinning oor seemonsters en die drake. Hy was ŉ vegter wat heerskappy oor al die ander afgode wou kry.

Die mense daai tyd, het ook nie 'n onderskeid tussen die afgode en natuurverskynsels gesien nie. Die afgode was verantwoordelik vir, en geassosieer met alles, die wind, son, onstuimige see, die vrugbaarheid van jou vee. Baäl was die **stormgod**, verantwoordelik vir reën. Hy het ook drie vrouens gehad, donderweer, dou en stortreën.

Die mense was baie afhanklik van die reën en dou vir hulle oeste en weivelde. Daarom moet Baäl gelukkig bly en gedien word, sodat dit baie kan reën en dou.

Maar Baäl het ook 'n ander verhaal gehad... In die somertyd het die reën opgehou en het dit droog geword. Maar omdat die natuur en godsdiens oorvleuel het, het hulle die natuurverskynsels verduidelik in terme van die afgode. Alhoewel Baäl meester was oor ander afgode, was daar een vyand teen wie hy herhaaldelik verloor het – Mot, die god van die dood.

Jaar na jaar probeer Baäl sy koninkryk uitbrei en heerskappy kry oor Mot se gebiede. En jaar na jaar word hy oorweldig wanneer die dood/Mot hom begin dreig. Uiteindelik verslaan die dood/Mot hom en soos die lied lui wat gesing is: "*Baäl het in (Mot) die dood se mond ingeval en is verskeur soos wanneer 'n leeu 'n lam vang.*" Maar in die wintertyd het Baäl weer verskyn, met die hulp van die ander afgode. Hierdie siklus het egter jaar na jaar herhaal!

Koms ons vat net kortliks saam. Agab word koning van die noordelike ryk, en saam met sy vrou Isebel, draai hy en die volk weg van die Here af en begin vir Baäl aanbid. In die oë van die mense het Baäl die Here oorwin en sy koninkryk in Israel uitgebrei.

### 2.2. Die Here oorwin Baäl:

Maar dan leer ons ook van die profeet van die Here. Uit die bloute, tussendeur die geskiedenis van die konings, verskyn hy op die toneel. Ons weet nie regtig veel van hom nie, maar sy naam en bediening sê vir ons alles wat ons hoef te weet.

Sy naam is Elia, wat beteken *my God is die HERE*. Van die eerste oomblik af is Elia besig om die betekenis van sy naam uit te leef. Met sy hele wese wil hy vir die mense bewys dat die Here, die God van Israel leef, en die enigste God is.

Elia gaan na koning Agab toe en sê (17:1): "*So seker as die Here leef, die God van Israel in wie se diens ek staan, daar sal die volgende paar jaar geen dou of reën val nie, behalwe as ek so sê.*" Met hierdie woorde sê Elia eintlik: "*So seker as die Here, die God van Israel leef, Baäl is dood...*"

Dit is die Here wat reën en lewe vir die mense bring, en nie Baäl nie. Hy is die almagtige en beheer die natuur. Die volk het hulle rug op die Here gedraai en dooie afgode begin aanbid, nou sal die Here die reën terughou. Dit is dus God se *teenwoordigheid in oordeel* wat tot onvrugbaarheid lei, eerder as sy *afwesigheid in die dood.*

Dit bring ons by die drie tonele van die hoofstuk.

**2.3. Die Here, die God van Israel, leef:**

Met die aankondiging van die droogte is daar nou 'n noodtoestand. Waar gaan die volk kos en water kry?

Elia se nood is egter nóg groter. Hy gaan ook gebuk onder die droogte. Maar, as gevolg van sy aankondiging het Agab die hele koninkryk deurgesoek om hom dood te maak. Trouens, ons hoor hoe Isebel baie *profete van die Here doodgemaak het*, letterlik staan daar dat sy hulle **afgesny het** van die lewe (18:4, 9-12).

**Toneel 1 (2-8):**

Maar dan kom die *woord van die Here* (17:2) na Elia en beveel hom om na die Kritspruit te vlug. Die spruit se naam '*Krit*' beteken ook afgesny. Met ander woorde, netsoos Isebel die ander profete afgesny het van die lewe, stuur die Here vir Elia na die spruit van *afsnyding*. Dit is asof die Here Elia self van die lewendes afsny.

Dit word verder beklemtoon daarin dat die Here kraaie stuur om twee keer 'n dag vir hom brood en vleis te bring. Hoekom juis kraaie? Kraaie is bekend daarvoor dat hulle op dooie diere aas, hulle word dus geassosieer met die dood.

Dit is amper asof die Here spot met Baäl. Hy bewys dat Hy nie net die Een is wat lewe onderhou nie. Maar Hy sny Elia simbolies af van die lewendes en onderhou hom deur voëls wat aas van die dood. Die Here, die God van Israel, leef. Hy is nie bang vir die dood nie, maar het mag oor die *spruit van afsnyding*.

**Toneel 2 (9-16):**

Na verloop van tyd het die spruit opgedroog, en Elia staar weer die dood in die gesig. Soos vroeër kom die woord van die Here na hom (17:7-8).

Die Here stuur hom na Sarfat wat by Sidon is. Hierdie was die middelpunt van die Baäldiens gewees en die plek waarvan Isebel afkomstig is. As daar nou een plek is waar Baäl lewendig gevind kan word, is dit in sy tuisland. Maar die droogte het ook hierdie gebiede getref, Baäl is nêrens te vinde nie.

Boonop stuur die Here vir Elia na 'n weduwee toe. Ons ken nie haar naam nie, sy is 'n vrou wat gedefinieer word deur die ***dood*** *van haar man.* En tog gee die Here aan die weduwee opdrag om Elia te versorg. Van buite lyk dit 'ongelooflik'.

Toe hy daar aankom, vra hy vir water. Die omgewing het baie ondergrondse water en diep putte gehad, so water was nie 'n probleem nie. Maar Elia vra ook vir 'n stukkie brood, en daar duik nóg 'n <u>*noodtoestand*</u> op. Die weduwee sê:

"*Ek het nie meer brood nie, net 'n handvol meel in die kruik en 'n bietjie olie in die erdekan. Ek maak nou maar 'n paar houtjies bymekaar en dan gaan ek vir my en my seuntjie iets klaarmaak om te eet. Daarna moet ons maar* ***doodgaan.***"

Maar Elia se naam beteken, my God is die Here. En soos die weduwee self sê (17:12): "*So seker as die Here u God leef...*" Die Here die God van Israel leef, en Hy is nie soos Baäl wat sidder vir die dood nie. Daarom sê Elia: "*Wees nie bevrees nie...*"

Elia vra dan die vrou om in geloof op te tree. As die Here leef, kan sy vir Elia ten koste van haarself en haar seuntjie die laaste bietjie kos gee. "*Want so sê die Here, die God van Israel: Die meel in die pot sal nie opraak en die olie in die kruik sal nie minder word nie, tot op die dag dat die Here reën op die aarde sal gee.*"

En so het alles gebeur volgens die woord van die Here, wat Hy deur Elia gespreek het. Die Here bewys dat Hy mag het oor Baäl, selfs in die afgod se eie gebied. Hy voorsien vir 'n weduwee en haar seun wat nie eers deel is van sy verbondsvolk nie. *Hy gee lewe, waar daar net dood in die vooruitsig was.*

**Toneel 3 (17-24):**

En dan die derde toneel. Vir 'n derde keer duik daar 'n *noodtoestand* op. Eintlik is dit 'n hopelose situasie...

In die tyd wat Elia by die weduwee woon, het haar seun baie ernstig siek geword en gesterf. In hierdie tyd het die weduwee haar sonde besef. Sy weet dat die Here elke kwaaddoener straf, net soos Hy die volk straf met die droogte. Daar is nie droogte omdat die Here *dood* is nie, maar juis omdat die lewende God in oordeel teenwoordig is!

Maar Elia is ook geraak deur die seun se dood. Anders as die vorige twee krisisse, het die Here se woord nie vooraf na Elia toe gekom nie. Maar in geloof gaan Elia dan na die Here toe. Twee keer roep hy die Here aan: "*Here my God, Here my God...*"

En dan lees ons in vers 22-23: "*Die Here het Elia se gebed verhoor: die **lewe** het teruggekom, die kind het **gelewe**. Toe bring Elia die kind van die bokamer af ondertoe en gee hom vir sy ma en sê: "Kyk! Jou seuntjie **leef!***"

Die Here, die God van Israel, leef. Dood word ontwapen en verloor al sy mag. Die Here, die God van Israel verslaan die vyand wat Baäl nie kon verslaan nie! En Hy doen dit in Baäl se eie gebied.

### 2.4. Die Here ons God leef en bevestig dit deur die nagmaal:

Konings is opgeteken sodat God se volk in die droewige omstandighede van die ballingskap kan leer uit die geskiedenis. Wat is dus die troos vir die volk in 'n ver land?

1. Daar is geen nut om agter dooie afgode aan te hardloop nie. Dit help nie ons dien beelde wat geen krag of siel het nie. Daar is geen verlossing by afgode wat hulself nie eers kan help nie. Die fout wat die konings en die volk gemaak het, was om die Here te verlaat en dooie afgode te aanbid. Hulle het dus net soos die afgode geword, leweloos en nutteloos.
2. Die volk mag weet dat die afgode van die Babiloniërs nie die oorhand oor God gekry het nie. Die ballingskap beteken nie dat die Here oorwin en verslaan is nie. God is nie afwesig nie, maar Hy is juis teenwoordig en besig om sy volk te oordeel vir hulle sondes.
3. Hierdie geskiedenis gee vir die volk 'n **standvastigheid** en **bemoediging**. Hulle het niks om te vrees nie. Hulle mag weet dat die Here selfs in 'n vreemde land steeds by hulle is, besig om hulle te onderhou en versorg. Hy is nie beperk tot Jerusalem en Israel nie, maar Hy is die Here die Almagtige.
4. Dit gee hulle ook die grootste troos. Hulle kan vasstaan in die belydenis, ons God is die Here! Deur sy Woord en verbond het Hy belowe om vir hulle te sorg in tye van nood. Die Here die God van Israel leef. Hy is die outeur van die lewe, daarom sal Hy selfs deur die dood heen hulle bewaar. Hy sal in nood, selfs as hul sidder vir die dood, volkome uitkoms gee.

Twee maal kom die woord van die Here na Elia toe. Beide Elia en die weduwee vertrou op die beloftes van die Here, ondanks die 'ongelooflike' omstandighede.

In drie tonele bevestig en bewys die Here dat Hy alleen in beheer is van die skepping. Hy voorsien aan elkeen wat op Hom staatmaak. Hy is nie bang vir die dood nie, maar het die dood/Mot oorwin.

Die woorde van die weduwee in vers 24 word dan die woorde van God se volk: "*Nou is ek daarvan oortuig... dat die woord van die Here betroubaar is.*"

### 3. <u>Slot</u>

Geliefdes in ons Here,

1 Korintiërs 15:4 sê: "*Alles wat vooraf in die Skrif opgeteken is, is tog opgeteken om* ***ons*** *te leer*..." Maar daar is ook 'n tweede deel van die vers. Die geskiedenis van Elia is ook opgeteken, "*sodat* ***ons*** *deur die standvastigheid en bemoediging wat die Skrif ons gee,* ***vol hoop kan wees****.*"

Ons God is die Here. Hy is die lewende God en die bron van alle lewe. Ons standvastigheid, bemoediging en hoop lê hierin, dat die lewende God na sy eiendom toe gekom het. Johannes sê dat Christus die Woord van die lewe is... die ewige lewe wat by die Vader was en aan ons geopenbaar is... In Jesus is die lewe, en die lewe is die lig van die mense (Joh. 1:4).

In Hom het ons die grootste bewys dat ons die lewende God aanbid. Jesus was soos Elia afgesny van die lewendes, maar is deur God tot onsterflikheid opgewek. Hy wat self die dood tegemoet gestap het, die doderyk ingegaan het, maar as oorwinnaar getriomfeer het toe Hy op die derde dag opgestaan uit die dood.

In Hom, die Woord van die lewe, kry **ons ook** die belofte van die evangelie, dat elkeen wat in Hom glo *meer as 'n oorwinnaar is.*

En tog, geliefdes, kan ons al hierdie dinge weet en bely, en steeds hoop verloor en moedeloos raak. Mag elkeen wat egter uitgeput is vandag weer in die heerlike beloftes van die evangelie getroos word:

Die Here is ons God, en Hy belowe om ons lewe te onderhou en bewaar. Hy belowe deur sy Woord dat Hy die lewende God is, en maak dit vir ons ’n werklikheid in die tekens van brood en wyn.

Stel al jou hoop in die lewende God en in sy Woord.

# Amen